Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V1

SEPTEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op óón NUWE bladsy.

7. Laat 2ï 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag Njie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae voorsien. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (Aï D) langs die vraagnommer (1.1.1ï 1.1.8) in die ANTWOOREDBOEK neer, bv.1.1.9 D.

1.1.1 Die buitelandse sektor is deel van ón é ekonomie.

A informele
B gemengde
C geslote
D oop

1.1.2 Die siklus wat tussen 7 en 11 jaar aanhou en veroorsaak word deur veranderings in netto beleggings deur die regering en besighede, word ón é -siklus genoem.

A Kondratieff
B Kitchin
C Jugler
D Kuznet

1.1.3 Die finansiële jaar van die staat strek van ...

A 1 Maart tot 28 Februarie.
B 1 April tot 31 Maart.
C 1 November tot 31 Oktober.
D 30 Julie tot 1 Junie.

1.1.4 ón Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande gedurende ón spesifieke periode.

A betalingsbalans.
B ruilvoet.
C lopende rekening.
D buitelandse valutamark.

1.1.5 Wanneer ón land of lande ón bepaalde ander land ón boete oplêé

A Embargo
B Sanksie
C Disinvestering
D Beskerming

1.1.6 Ontwikkelingstrategieë soos infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling, is bevorder deur die ...

A Heropbou- en Ontwikkelingsprogram.
B Groei, Indiensneming en Herverdeling van inkomste.
C Versnelde en Gedeelde Groei Inisiatief vir Suid-Afrika.
D grondherverdeling.

1.1.7 ón Sosiale aanwyser wat met gesondheid geassosieer word, is é

A die persentasie inskrywing in sekondêre skole.
B wanvoeding.
C beskikbaarheid van elektrisiteit.
D kindermortaliteit.

1.1.8 ón Aansporing om beleggings in vaardigheidsontwikkeling aan te moedig, is é

A Vaardigheidsontwikkelingsprogram.
B Korridors.
C Geïntegreerde Strategiese Projekte.
D SOOO,s Tegnologieprogram. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (Aï I) langs die vraagnommer (1.2.1ï 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A		KOLOM B			
1.2.1	Kapitaalmark	A	geneigdheid van amptenare om reëls en regulasies sonder oordeel te volg.		
1.2.2	Reële syfers	B	sal nie van rigting verander tot nadat die sakesiklus van rigting verander nie.		
1.2.3	Sloerende aanwysers	C	word toegelaat om binne sekere perke op markkragte te reageer.		
1.2.4	Burokrasie	D	vir die verhandeling van produksiefaktore.		
1.2.5	Beheerde wisselkoerse	E	die nasionale produk teen konstante pryse.		
1.2.6	Monetêre beleid	F	ón internasionale instelling wat ekonomiese herstel en ontwikkeling aanmoedig.		
1.2.7	Wêreldbank	G	waar langtermynfondse deur verbruikers en ondernemings gespaar en geleen word.		
1.2.8	Produksieprysindeks	H	word deur die SARB gedryf om stabiele pryse na te streef.		
		I	word gebruik om die pryse van insette te bepaal. (8 x 1)		(8)

1.3 Gee een term vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1ï 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK. Afkortings, akronieme of voorbeelde sal nie aanvaar word nie.

1.3.1 Die vloei van goedere en dienste tussen die deelnemers in die ekonomiese kringloop.

1.3.2 Opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite.

1.3.3 Opheffing van onnodige wetlike beperkinge.

1.3.4 Die koop en verkoop van goedere of dienste oor landsgrense.

1.3.5 Die onttrekking van kapitale beleggings uit ón onderneming of ón land.

1.3.6 Die geskatte aantal jare wat ón pasgebore baba behoort te leef.

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem TWEE inspuitings in die ekonomiese kringloop. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom moet klimaatstoestande by internasionale handel in aggeneem word? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA IN 'N TEGNIESE RESESSIE

Suid-Afrika is apmtelik in ón tegniese resessie. Die land se reële bruto binnelandse produk het in die tweede helfte van die jaar met 0.7% afgeneem. ón Tegniese resessie is twee opeenvolgende kwartale met ón negatiewe groei.

[Aangepas uit *www.engineeringnews.co.za/economy, 4 September 2018*]

2.2.1 In watter fase van die sakesiklus word ón resessie periode ervaar? (1)

2.2.2 Gee enige industrie wat tans ón lae groeikoers ervaar. (1)

2.2.3 Omskryf die term *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

2.2.4 Omskryf kortliks die uitwerking wat ón resessie op die ekonomie kan hê. (2)

2.2.5 Hoe kan fiskale beleid gebruik word om ón verswakte ekonomie te stimuleer? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

KAN PARASTATALE HERSTEL WORD?

Direk nadat die nuwe minister vir openbare ondernemings ingehuldig is, het korrupsie en hervorming groot sake op die agenda geword. SBOôs was nog altyd uiters belangrik vir die ekonomie en die fiskale stelsel en moet goed presteer. Hulle volhoubaarheid is ón sleutel vir die ekonomie se toekoms.

Die regering se blootstelling aan SBOôs bly ón risiko vir die land se fiskale posisie. Tans het Eskom en Sanral ñjunkò kredietgraderings met hul hoë skuld blootstelling. Hierdie strukturele en sisteem probleme vra vir privatisering. ón Ander opsie kan hernubare energie teen die helfte van die prys wees. Medupi en Kusile steenkool aangedrewe kragstasies funksioneer oor hul begrotings.

[Aangepas uit *News24, Maart 2018*]

2.3.1 Gee ón voorbeeld van hernubare energie. (1)

2.3.2 Lys enige ander Staatsbeheerde Onderneming wat nie in die uittreksel genome word nie. (1)

2.3.3 Omskryf die begrip *nasionalisering*. (2)

2.3.4 Hoekom sal die privatisering van ón SBO die ekonomie bevoordeel? (2)

2.3.5 Hoe kan Eskom meer effektief funksioneer om verbruikers te bevoordeel? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek *rentekoerse* en *invoervervanging* as metodes wat gebruik word om die betalingsbalansonewewigtighede te herstel. (2 x 4) (8)

2.5 Evalueer die funksionering van markte in die ekonomiese kringloopmodel. (8)
[40]

VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem TWEE elemente in die telkaart van Swart Ekonomiese Bemagtiging. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom word ekonomiese aanwysers gebruik om die ekonomie mee te meet? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

MENSLIKE ONTWIKKELINGSINDEKS VAN SUID-AFRIKA

Volgens die MOI is Suid-Afrika nie die beste in sub-Sahara-Afrika nie. Ons buurland, Botswana, is die land met die beste lewensgehaltevlakke op die Sub-Sahara-vasteland. Ten opsigte van ekonomiese vryheid is Suid-Afrika in posisie 80 van 186 lande ï agter Rwanda, Botswana en Mauritius.

(Aangepas uit *Rapport, 14 Januarie 2018*)

3.2.1 Gee EEN faktor wat gebruik word om menslike ontwikkeling mee te meet. (1)

3.2.2 Hoekom is ekonomiese vryheid in Suid-Afrika so belangrik? (1)

3.2.3 Omskryf die term *demografie*. (2)

3.2.4 Hoe kan verbeterde fisiese infrastruktuur bydrae tot ón styging in die lewensgehalte? (2)

3.2.5 Lewer kommentaar oor die sukses van die Suid-Afrika se sosiale beleid aangaande die bevordering van die ekonomiese ontwikkeling. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE AANBODKANTBENADERING TOT SUID-AFRIKA SE GROEI EN ONTWIKKLEING

Aanbodkantbeleide sluit enige beleid in wat die ekonomie se produktiewe kapasiteit en die vermoë om te produseer verbeter. Die regering se aksies sluit verbetering van die produksiefaktore en die prestasies van besighede in. Dit sluit die land se kapasiteit om goedere en dienste te produseer in.

[Aangepas uit: *Economics Online*]

3.3.1 Gee enige faktor wat die produksiekapasiteit van ŏn besigheid kan verbeter. (1)

3.3.2 Hoekom moet ŏn land meer goedere en dienste kan produseer? (1)

3.3.3 Beskryf die term *kapitaalverdieping*. (2)

3.3.4 Watter positiewe rol kan die regering speel in die verbetering van die kwaliteit van natuurlike hulpbronne? (2)

3.3.5 Hoe suksesvol was die Suid-Afrikaanse regering om die kwaliteit van arbeid te verbeter? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *behuising* en *verstedeliking* as sosiale aanwysers. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe suksesvol is Suid-Afrika se Nuwe Groeipad om ekonomiese groei en ontwikkeling te beïnvloed? (8)

[40]

VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE & EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Gee enige TWEE lidlande wat deel van BRICS is. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die uitwerking van die depresiasie van die Rand op die vraag na buitelandse goedere? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die gegewens hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit *SA Begroting- en Belastinggids 2019/20*]

4.2.1 Wat is die grootste bron van staatsinkomste? (1)

4.2.2 Hoekom word sekere voedselsoorte van BTW vrygestel? (1)

4.2.3 Omskryf die term *kapitaalwinsbelasting*. (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks waarom onderwys die grootste gedeelte van die begroting ontvang. (2)

4.2.5 Hoe sal die toename in BTW die ekonomiese gemarginaliseerde mense beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit *Google Images]*

4.3.1 Gee enige land wat deel van die Noorde uitmaak. (1)

4.3.2 Noem EEN kategorie wat gebruik word om ontwikkelde en ontwikkelende lande mee te vergelyk. (1)

4.3.3 Omskryf die term *globalisering*. (2)

4.3.4 Watter negatiewe uitwerking kan HIV/Vigs op lande in die Suide hê? (2)

4.3.5 Hoe kan die speelveld tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande gelyk gemaak word? (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks, m.b.v. die Phillips-kurwe, die verband tussen werkloosheid en inflasie. (8)

4.5 Hoe word die Suid-Afrikaanse ekonomie deur die uitwerking van internasionale handel beïnvloed? (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
Inleiding • ón Goeie begin is om die sleutel konsep wat in die vraag voorkom te definieer of om te omskryf. • Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun. • Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie. • Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam: **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debateer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek ón grafiek en verduidelik/Gebruik ón grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Bepaal/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Vertolk/Debateer kortliks	Maks. 10
Gevolgtrekking • Die gevolgtrekking is ón samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as ón HOË-ORDE respons gesien word. • Die gevolgtrekking kan die vorm van ón eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan. • Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie.	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek uitvoerbevordering onder die volgende sub-opskrifte:
  - Oorsake (4)
  - Metodes (6)
  - Voordele (8)
  - Nadele (8) (26 punte)
- Evalueer die sukses van Suid-Afrika se handelsbeleid om die plaaslike tekstielbedryf teen buitelandse kompetisie te beskerm? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Verduidelik streeksontwikkeling in Suid-Afrika volledig t.o.v. ñbenchmark criteriaò (26 punte)
- Evalueer die sukses van Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou